

Toetrede

Liturgie van die Lig

Woorddiens

Lesing 1: Efesiërs 4:1-16

Lesing 2: Johannes 6:24-35 (1953)

²⁴ Toe die skare dan sien dat Jesus nie daar was nie en sy dissipels ook nie, het hulle self ook in die skuite geklim en na Kapernaüm gegaan om Jesus te soek.

²⁵ En toe hulle Hom oorkant die see gevind het, sê hulle vir Hom: Rabbi, wanneer het U hier gekom?

²⁶ Jesus antwoord hulle en sê: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, julle soek My nie omdat julle tekens gesien het nie, maar omdat julle van die brode geëet en versadig geword het.

²⁷ Moenie werk om die spys wat vergaan nie, maar om die spys wat bly tot in die ewige lewe, wat die Seun van die mens julle sal gee; want Hom het God, die Vader, verseël.

²⁸ Toe vra hulle Hom: Wat moet ons doen om die werke van God te volbring?

²⁹ Jesus antwoord en sê vir hulle: Dít is die werk van God, dat julle in Hom glo wat Hy gestuur het.

³⁰ En hulle sê vir Hom: Watter teken doen U dan, sodat ons kan sien en U glo? Wat werk U?

³¹ Ons vaders het die manna in die woestyn geëet, soos geskrywe is: Hy het brood uit die hemel aan hulle gegee om te eet.

³² En Jesus sê vir hulle: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, dit is nie Moses wat die brood uit die hemel aan julle gegee het nie, maar my Vader gee julle die ware brood uit die hemel.

³³ Want die brood van God is Hy wat uit die hemel neerdaal en aan die wêreld die lewe gee.

³⁴ Toe sê hulle vir Hom: Here, gee ons altyd hierdie brood.

³⁵ En Jesus sê vir hulle: Ek is die brood van die lewe; wie na My toe kom, sal nooit honger kry nie; en wie in My glo, sal nooit dors kry nie.

Broodjies vir die Pad

'Geen ruimte vir gesprek in kerk'

deur Neels Jackson

Hy is 'n NG predikant, hy hou die Sabbat op Saterdag, hy eet volgens Ou Testamentiese voorskrifte en hy vier die Joodse feesdae.

Maar dr. Jan de Beer voel hy kry nie kans om 'n behoorlike gesprek oor sy sienings binne die NG Kerk te voer nie.

De Beer was tot verlede jaar nog predikant van die NG gemeente Waterkloofrif. Daar het hy met 'n groep mense, meestal nie lidmate nie, 'n gespreksgroep begin oor die

Joodse aspekte van die Bybel wat in die Christelike tradisie verlore gegaan het.

Hy sê dit het eintlik begin toe hy vroeër in Namibië predikant was en met San-mense te doen gekry het. Hy het gevoel hul lewenstyl is baie nader aan die Bybelse voorskrifte as Westerse kerkmense s'n.

Hy het self die Sabbat begin hou (van Vrydagaand tot Saterdagdaand) en toe eers begin voel daar is vrug op sy bediening.

Ander aspekte van die Menorah-bediening (genoem na die kandelaar met sewe kerse) sluit in dat hulle die Huttefees vier, dat die hele Bybel uit die Hebreeuse denkwêreld benader word en dat hulle die eetvoorskrifte van Levitikus 11 volg.

Dit gaan nie vir hom oor 'n wettiese nakoming van reëls nie, maar oor 'n lewenstyl wat God wil hê mense moet volg.

De Beer sê hy het in 'n stadium teenkanting uit die gemeente begin ervaar. Hy het toe geleidelik gevoel om sy voltydse leraarspos te laat vaar. Die gemeente het dit in drie gedeeltes en hy het een derde beklee om met die Menorah-bediening voort te gaan.

Later het hy ook daaruit bedank en die Menorah-groep het besluit om die hele bediening los te maak van die gemeente.

Hy is nou glad nie meer 'n gemeentepredikant nie, maar is steeds predikant van die NG Kerk en hy deel sy insigte oor die land heen waar mense hom nooi.

Min of meer die tyd toe hy bedank het, het die ring van Pretoria-Oos aanbeveel dat die gemeente die Menorah-bediening staak omdat dit in sekere opsigte in stryd is met die kerk se gereformeerde tradisie.

Daarteen wou De Beer appelleer, maar toe moes hy hoor dit was nie 'n formele besluit nie.

Volgens De Beer is al wat hy eintlik wil hê 'n goeie gesprek oor die vertolking van die Bybel.

Dr. André van Niekerk, voorsitter van die ring, sê hulle het al hoeveel keer met De Beer en ouderlinge van die gemeente gepraat.

Wat De Beer eintlik wil hê, is dat die kerk nuwe standpunte oor verskeie sake inneem. Daarmee kan die ring hom nie help nie. Om dit te doen moet hy 'n gravamen na die algemene sinode stuur.

<http://www.beeld.com/Suid-Afrika/Nuus/Geen-ruimte-voor-gesprek-in-kerk-20110203>



tUsSencHaos en orde skuil 'n nuwe harmonie

deur Wilhelm Jordaan

Gereeld sê mense: "Nee, nee, nee! Nou's dinge darem te deurmekaar. Dis 'n gemors; net chaos waar jy kyk."

Daarmee sê hulle chaos maak hulle angstig; laat hulle 'n diep "afgrond" sien soos die Griekse woord chaos beduie. Hulle verkies orde.

En dit geld 'n wye lewenspektrum – van die moere en skroewe netjies in die gereedskapkis tot die trefseker bestuur van 'n onderneming.

Dit is asof mense sê: As daar wanorde en chaos is, moet jy 'n plan hê om orde te skep. Stel die plan in werking en die lig van orde sal chaos se duisternis verdryf.

Aan die wortel daarvan lê 'n Newtoniaanse wêreldbeskouing – dat die ganse kosmos en alles wat mense doen wetmatig inmekaar pas soos 'n enorme masjien se ratte.

Dié soort denke had bewese suksesse, byvoorbeeld tydens die Nywerheidsomwenteling. Die mens het as doeltreffende en voorspelbare “masjien” ongekende produksiedoelwitte bereik deur bestuursplanne ordelik uit te voer.

Weens 'n verskeidenheid gebeurtenisse en ontdekkings wat die mens van sy “masjienagtigheid” bevry het, het dit sedert die 1960's egter duideliker geword chaos en orde is nié so maklik te onderskei nie.

Dit klop met wat die skrywer Henry Miller (1891-1980) reeds in 1938 in sy roman *Tropic of Capricorn* aangevoel het: “Confusion is a word we have invented for an order which is not understood.”

Juis dié soort idee het tot 'n verskeidenheid nuwe opvattinge en toepassings oor die gelyktydige saambestaan van chaos en orde gelei. Chaosteorie, byvoorbeeld, behels die wiskundige studie van “ordelike wanorde” in verskeie toedragte.

En die smeltwoord “chaordies” word sedert die 1990's in die bestuurswêreld gebruik om dit by ondernemings en owerhede in te skerp dat dit noodsaaklik is om patrone van orde in oënskynlike wanorde te ontdek en konstruktief te gebruik.

Ook in die alledaagse lewe kom chaos en orde op baie maniere aan die bod. Daar is mense wat gou-gou die “bose magte van chaos” eien sodra hulle te doen kry met dit wat vreemd, anders, nuut en bedreigend voorkom. Pasop vir Harry Potter!

Hulle raak maklik onseker en die reaksie is om tot elke prys sekerheid te bekom – deur byvoorbeeld die lewe voorspelbaar te maak volgens die een of ander resep wat presies sê hoe 'n mens moet dink, voel en doen om “reg” te wees en veilig te voel. Só leef jy ordelik en verbied jy chaos se boosheid.

Teenoor dié soort benouenis help dit dalk om 'n bietjie chaordies te leef – minder dodelik geroetineerd; minder resepmatig; meer verbeeldingryk.

As't ware met improvisasie – soos 'n mens dit by 'n goeie jazz-musiekvertoning kry: Uit die oënskynlik afsonderlike wanklanke kom algaande die verruklike harmonie van welluidende sameklank.

<http://www.beeld.com/Rubrieke/WilhelmJordaan/tUsSenchaos-en-orde-skuil-n-nuwe-harmonie-20120731>

Brood vir die Pad

Fanie op die radio en voëls in die bome

deur Dana Snyman

Nou die dag, terwyl ek deur 'n woordeboek blaai, val my oog op 'n woord wat ek jare laas gehoor het: Sabbatsontheiliging.

Gebruik iemand nog dié woord?

My oorlede pa, wat 'n predikant was, was die laaste mens wat ek van Sabbatsontheiliging hoor praat het. Hy het gesê dis 'n gruwel in die oë van die Here.

Miskien is daar steeds predikante wat op 'n Sondagoggend mense van die preekstoel af waarsku teen die ontheiliging van die Sabbat. Ek weet nie, want ek kom nie juis meer gereeld op 'n Sondag in die kerk nie.

Op 'n Sondag gaan ek gewoonlik vroegoggend al kafee toe om die koerant te koop. Wanneer ek terugry huis toe met die koerant langs my op die bakkie se sitplek, dink ek soms hoe ons eens op 'n tyd nie die Sondagkoerant op 'n Sondag gekoop het nie. Ons het dit eers op 'n Maandag gekoop.

Ons het ses dae gearbei en skoolgegaan en op die sewende dag het ons laat geslaap en in die kerk gesing en souskluitjies geëet.

Die klank van 'n Sondag is mos anders as die klank van die ander ses dae van die week. Of so was dit op die dorp waar ek grootgeword het. Jy word wakker, en dan is daar nie 'n trein wat rangeer by die stasie nie, en in die strate dreun die boere se bakkies nie, en op die sypaadjies is nie werkers wat na mekaar roep nie.

'n Sondagoggend was voëls in die bome en Fanie Smit se stem oor die draadloos en 'n kerkklok wat lui.

Ná die kerkdiens was dit die geklingel van teelepels in die sitkamer, dan was dit messe en vurke wat oor borde in die eetkamer skraap; en dan, ná die souskluitjies, het Pa altyd gesê: “Ek weet wat ek nou gaan doen.” Dan was dit tyd vir 'n middagslapie en moes elke kind op 'n bed wees, of jy nou vaak was of nie.

In die stad, waar ek deesdae dikwels is, klink 'n Sondag maar min of meer nes die ander dae. Nadat ek die koerant gelees het, gaan ek partykeer na 'n winkelsentrum toe.

Soms kyk ek na die mense rondom my in die sentrum en wonder of hierdie nie maar ons kerk is nie. Ek het al gewonder of ek nie 'n geloofsbelofenis moet skryf vir ons wat op 'n Sondagoggend in die winkelsentrum is nie.

Hierdie geloofsbelofenis kan dalk só begin: “Ek glo in die beloftes van Absa; ek glo aan die heiligheid van die Grondwet, die gemeenskap van demokrate, die vergewing van...”

Dit maak my verdrietig wanneer ek sulke dinge dink. Ek weet ook nie hoe ek moet voel omdat niemand meer die woord Sabbatsontheiliging gebruik nie. Dit is seker maar hoe die lewe is: 'n Woord leef totdat dit wat daardie woord beskryf nie meer daar is of nie meer bestaan nie. Dan sterf daardie woord.

Ek kan nie onthou wanneer presies ek my pa die woord die laaste keer hoor gebruik het nie. Ek weet net hy het altyd gesê dis 'n gruwel in die oë van die Here.

<http://www.beeld.com/Rubrieke/Dana-Snyman/Fanie-op-die-radio-en-voels-in-die-bome-20120802>